Polsslag

29 Mei 2016

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00	17:00	18:30
OGGENDDIENS	***LOF &AANBIDDINGSDIENS***	***AANDDIENS***
Dr. Braam Krüger	Ds. Louis Buys	Dr. Braam Krüger
SKRIFLESING : Heb 13:7-9		***SKRIFLESING:*** *Op 22: 6-21*
TEMA: *Leef kerkleiers in ivoor torings?*		***TEMA:*** *Wat gaan jou beloning wees by die wederkoms van Christus*

KNIELTYD

ONS GEE OM VIR MEKAAR

VERWELKOMING:

- Emmerentia Kuiper wat met attestaat aangekom het vanaf die GK-Lyttelton.

VOORBIDDING:

- Klein Michiel Eloff (wyk D18) is in die Arwyphospitaal opgeneem met klier - koors en longontsteking.
- Tannie Rina de Jongh (wyk G34) het katerakte laat verwyder.
- Tannie Ria Nel (wyk B7) is in Glynwood hospitaal opgeneem met longontsteking.
- Oom Hannes Venter (wyk B7) is steeds in die Linmed hospitaal met longontsteking.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

HUWELIKSVERRYKINGS SEMINAAR

Hierdie seminaar is bedoel vir enige huwelikspaartjie wat pro-aktief wil wees en juis die Bybelse riglyne wil raaksien, voor daar probleme ontwikkel. Dit is gemik daarop, dat jy jouself en jou maat baie beter leer ken tov. persoonlikheid, temperament en emosionele geaardheid. U word ook geleer hoe om konflik ordelik te hanteer.

Hierdie seminaar beloof om u weer 'n gelukkige huweliks- en gesinslewe te laat beleef. Dit is só nodig in ons leeftyd, ook ter wille van 'n gesonde gemeente en gemeenskap, wat 'n lig vir die donkerte in ons wêreld kan wees.

Die besonderhede van die seminaar is as volg:

AANBIEDERS: Dr. Arnold Mol en sy vrou Joy
DATUM: 3 & 4 Junie 2016.
TYE: Vrydag 3 Junie 18:00 by GK Benoni
Saterdag 4 Junie 08:30 by St. Andrews
PLEK: Gereformeerde Kerk Benoni en
St Andrews Presbyterian Church
KOSTES: R350-00 per paar.
BESPREKING: Aan lyn by www.gkbenoni.co.za /
Ronel Ritchie: ronel@gkbenoni.co.za /
081 218 3048
Ina Bolt: inabolt@gkbenoni.co.za /
084 339 1136

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG	AKTIWITEIT		LOKAAL	TYD
So. 29/05	Gebedskamer	Donsie Krüger	Ou Moederskamer	08:00 - 09:00
	Peutersorg 2-4 jaar	Anneke Salomons	Kerkhuis	09:00
	Katkisasie Gr1 - 7	Adri van Tonder	Onderskeie lokale	Na oggenddiens
	Katkisasie Gr 8-11	Adri van Tonder	Onderskeie lokale	18:00 - 19:00
Ma. 30/05	Bybelstudie Rynpark 5	Adri Goede	Rynpark 5	09:30
	Volwasse Kategese	Louis Buys	Kerkhuis	19:00
Di. 31/05	Koördinerings Diensgroep vergadering		Kerkhuis	09:00 -12:00
Vry. 3/06	Gebedsgroep	Donsie Krüger	Konsistorie	05:30 - 06:30
	Manne byeenkoms	Schalk van Eeden	Kerksaal	05:00 - 06:30
	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie	08:30
	Huweliksverrykings seminaar		Kerkgbou	18:00
Sat 4/06	Huweliksverrykings seminaar		St. Andrews Presb.	08 :00
	Victus Christi Mark	Schalk van Eeden	Kerkterrein	08:00 - 14:00
	Huweliksverrykings seminaar		Kerksaal	18:00

BELANGRIKE DATUMS

- 4 Junie Victus Christi Mark - Schalk van Eeden 082 561 9409
- 3 & 4 Junie Huweliksverrykings seminaar - Braam Krüger 082 459 5636
- 12 Mei Terugvoer oor Lesotho-uitreik wat in Maart plaasgevind het.
- 18 Mei-3 Aug Ontdekkingsprogram - "Ontdek jou plek" - Veronica vd Wateren 084 247 2321
- 24 Julie Evangeliseringsdag -"Uitgedaag om te getuig"–Veronica vd Wateren 084 247 2321 of Lenie Venter 083 457 8861

TER APPROBASIE VOORGEHOU AAN DIE GEMEENTE:

Dorel Weideman as Diensgroepleier vir die SLAK Diensgroep.

DIENSBEURTE:

OUDERLING aan diens

VANDAG: Willem Reynecke

Volgende week: Flippie Opperman

TEESKINK:

VANDAG: Wyk A3 olv Ronel Ritchie

Volgende week: Wyk F30 olv Chris & Sanet van Krieken

AANDAG ALLE ROKERS.

Ingevolge wetgewing oor rook in publieke areas, herinner ons die rokers aan die volgende:
AREAS WAAR NIE GEROOK MAG WORD NIE (WAT OP ONS VAN TOEPASSING IS)

- Binne 10 meter van 'n deur of venster;
- Buitelug areas waar kinders saam met hul ouers Bymekaarkom, bv grasperk voor die saal;
- Buitelug eet- en drinkplekke;
- Ander buitelug plekke waar buitelug geleenthede aangebied word;
- Alle stoepe en binne geboue.

NEEM ASB DIE NIE-ROKERS, KINDERS EN BEJAARDES IN AG.

BANKIEHERSTEL PROJEK

Die broeders olv Stefan Coetzee wil graag **Sat 11 Junie** 'n nuwe plastiekhout-bankie bou, en die ou bankies verf. Die einddoel is om die huidige houtbankies geleidelik met plastiek bankies te vervang,, wat baie meer duursaam sal wees. Fondse is egter nodig om die plastiekhout aan te koop.

Die dames gaan weer die eetgoed voorberei.

As jy 'n donasie wil maak hiervoor,
of die 11de Junie kan help kontak
Stefan Coetzee by 083 785 2713

EVANGELISERINGS-AKSIE

SONDAG 24 JULIE:

"UITGEDAAG OM TE GETUIG".

Hierdie dag wil ons wy aan ons hele gemeente se fokus op ons Missionale roeping. Deur middel van die prediking, toerustings en blootstelling wil ons elkeen herinner aan God se groot missie vir Sy kerk.

Daar gaan baie ander kerke en evangeliserins-organisasies wees wat deur middel van uitstallings in die saal ons gaan wys wat hul reeds doen in Benoni en omgewing. Die uiteindelike doel is om vanuit ons gemeente saam te werk met projekte wat reeds in ons omgewing aan die gang is.

Verdere inligting volg nader aan die datum.

Vir navrae kontak asb vir:
Veronica van der Wateren by 084 247 2321 of Lenie Venter by 083 457 8861.

SUSTERSAKSIE

AANDAG ALLE JAGTERS.

Die susters is besig om 'n biltongfees vir Vrydag 19de Augustus te beplan.

As daar iemand is wat 'n bokkie of twee, of wildsbiltong en droeë wors kan skenk, of 'n donasie vir aankope, sal dit baie waardeer word.

Kaartjies vir die biltongfees sal binnekort beskikbaar wees. Gee solank julle name op.

Kontak asb. vir Donsie Krüger 084 627 2393 of Ina van Eeden 072 401 2138

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Ons as gemeente is aan mekaar verbonde soos die lede van 'n liggaam.

Ons het die verantwoordelikheid om na mekaar om te sien en mekaar te versorg, veral wanneer sommige swaar kry. Lidmate wat 'n deernis het vir mense wat swaar tye beleef, kan gerus by hierdie bediening aansluit.

Vir meer inligting, of om betrokke te raak,
kontak asb Hettie Viljoen 083 628 9508

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag en in die komende week verjaar.

DAG	NAAM	KONTAK NR.
So. 29/05	Carel Daüth	084 334 0283
Ma. 30/05	Annatjie de Klerk ** Annette Venter	082 823 1459 072 627 8527
Wo. 1/06	Fanie Potgieter André Venter Corrie Venter	082 412 9632 083 377 6995 083 280 9659
Do. 2/06	Quintin Bateman	083 651 4572
Vr. 3/06	Gustav du Preez # Annatjie vd Merwe * Sophia Velthuysen Una Vos	 084 454 8096 073 683 2084 079 495 6592
Sa. 4/06	Hester Buys * Ezmari Potgieter Jakes Scholtemeyer Retha Scmidlin	072 856 0135 074 882 8377 083 458 1852 083 575 5917

(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

BYBELVASVRA

Verlede keer 22 Mei se 2016 antwoord: 1 Kron 14:12

" Die Filistyne het in hulle haas selfs hulle **gode** daar gelos. Dawid het opdrag gegee dat die **gode** verbrand moet word en dit is gedoen"

Die volgende lesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Chrissie Pretorius; Martie Gibson; Gerda de Jager; Jan Lubbe; Una Steyn; Judy Greyling; Klein de Kock; Dorothy Kruger

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" **????** , die dogter wat deur Lea vir Jakob in die wêreld gebring is, het op 'n keer gaan kuier by die dogters van die omgewing."

Vraag: Wat was Jakob se dogter se naam?

Lees gerus Genesis en noem Jakob se dogter se naam en noem die vers waar dit staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

KOLLEKTES:

Kollektes 22 Mei 2016:

Barmhartig heid : R 7566. 20
Kerkkas : R 2288. 35
Paassangdiens kollekte : R 1092

Vandag:

Onder die diens **:** Barmhartigheid
Buite deure : Thuso

Volgende week: Bystandsfonds Diakonie

KERKKANTOOR

Kontak asb. Ina Bolt by die kerkkantoor op 011 849 2054 of 084 339 1136 vir enige navrae, attestate of lief-en-leed aanmelding vir koördinering.

Kerkkantoorure: **Ma - Vrydae 9:00 tot 14h00**
Sondae vir 'n half-uur na die oggenddiens.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op Vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

BANKBESONDERHEDE:

BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYS : Volle Naam, Van & Doel

Of SNAPSCAN:

Deur kollekte

Barmhartigheid

Mag elkeen welklik die liefde van God hierdie week ervaar!

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https:// www.facebook.com/ GKBenoni/

PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
082 459 5636

Ds Louis Buys
082 927 2034

KERKKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za